## Groot Heilige Week



Groot Heilige week begin op Palmsondag, die Sondag 'n week voor Paassondag. Dan word Jesus se intog in Jerusalem op die rug van 'n donkie herdenk. Dit is gebruiklik om op of vir dié dag kruisies te vou van palmblare. Op Youtube is daar verskeie video's wat wys hoe om dit te doen.

Na Palmsondag volg Groot Heilige Week met die gebeure van Jesus se laaste week voor die kruisiging. Dit word onder meer vertel in Markus 11-15.

Die Maandag van Groot Heilige Week is die dag waarop gelowiges terugdink aan die tempelreiniging. Op die Dinsdag word gedink aan die gesprekke tussen Jesus en die godsdienstige leiers op die tempelplein. Op die Woensdag gaan dit oor die gebeure toe 'n vrou Jesus met duur olie gesalf het.

Op die Donderdag is daar 'n paar dinge wat in herinnering geroep word. Dit sluit in dat Jesus sy dissipels se voete gewas het, dat Hy die nagmaal ingestel het tydens die Pasgamaal, dat Hy en die dissipels afgestap het na die tuin van Getsemane waar Jesus gaan bid het, en sy inhegtenisname.

Op Goeie Vrydag is die fokus op Jesus se kruisiging en dood, en sy begrafnis. Dit is die dieptepunt van Lydenstyd.

Stil Saterdag herdenk die dag waarop Jesus in die graf was. Dit is die laaste dag van Lydenstyd, die dag voor Paassondag en die viering van Jesus se oorwinning oor die dood.